# LYDING

FREDRIKA DE VILLIERS

## DIE KONSEP LYDING

'n Literatuuroorsig oor die konsep lyding toon duidelik dat lyding 'n konsep is wat buite die mens se begrip lê, en nie analiseer kan word buite die ryk van menslike ervaring nie. Dit is nie abstrak of filosofies nie. Dit is werklik en konkreet en laat sy littekens na. Dit is alleen wanneer 'n mens deur 'n krisis gegaan het dat die mens werklik kan begryp wat dit beteken om te ly. Dikwels is dit alleen deur retrospeksie dat die mens die doel en waarde van lyding besef (B. Graham, 1981 : 26-27).

J. McKechne (1927 : 24) skryf dat lyding nie 'n probleem is wat opgelos kan word nie, maar 'n misterie waaroor bepeins moet word. *To attack it as a problem is to be defeated, to ponder over it as a mystery is to gain insight into the deep things and great things of life.*

D. Bacon (1968: 57-58) onderskei in sy bespreking van die probleem van pyn en lyding, 'n biologiese, psigologiese en eksistensiële dimensie. *Pain forces the question of its meaning . . . In those instances in which pain is intense and intractable and in which its causes are obscure, its demand for interpretation is most naked, manifested in the sufferer asking, 'Why?'.*

Graham (1981 : 27) is ook van mening dat die mens fisies, psigies en geestelik kan ly. Lyding is selde tot een area beperk, daar dit neig om in menslike ervaringe te oorvleuel. *Some of the most intensive suffering can be psychologically induced and frequently lead to complications in the physical realm.* Daar is net soveel onsigbare as sigbare pyn, wat dit dikwels moeilik maak om te diagnoseer. In sekere omstandighede, *a man can endure excruciating physical pain, and yet he can be felled by one unkind word.*

**Prof F.M.J. de Villiers, BA (Unisa), BEd (Rau), MEd (Unisa), DEd (PU vir CHO), GAV, GVV, DVO, DVA, GGV. Hoof, Departement Verpleegkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**


## SUMMARY

**Suffering as a concept lies beyond man's understanding although its experience is very real. Man may experience physical, psychological or spiritual suffering.**

**A person can adapt to suffering negatively which may lead to complete psychological break-down. A positive attitude towards suffering implies accepting it and believing that it has a purpose. Suffering may then lead to spiritual growth and self-actualisation.**

**The nurse's role in supporting the suffering in thus to help the person to experience it positively and to use it constructively. This requires special skill, sensitivity and a strong faith.**


## VERSKILLENDE SOORTE LYDING

### Fisiese lyding

Fisiese lyding wat deur siekte, besering en hongersnood veroorsaak kan word.

### Psigiese lyding

Volgens Graham (1981 : 29) het psigiese lyding 'n beroepspektrum wat kan wissel tussen angs, depressie, teleurstellings, eensaamheid, verwerping, onsekerheid, en die verlies van die sin van die lewe.

Hierdie toestand dui op die gebrekkige belewing van sinvolheid en die belewing van gevoelens van uitsigloosheid, fatalisme, angs en depressiwiteit (V.E. Frankl, 1978). Frankl (1978) en Tillich (1961) is altwee van mening dat die moderne mens in 'n groter mate as voorheen aan die verlies van struktuurgewende waardes, onder andere, op godsdienstige gebied blootgestel is.

Verlies van struktuurgewende waardes gee aanleiding tot gevoelens van angs, leegheid en sinloosheid. Frankl (1978) koppel ook die sinvolheidsproblematiek van die moderne mens aan noögene neurose. Jung (1974) vertolk op sy beurt neurose as die lyding van 'n persoon wat nie die sin van sy bestaan gevind het nie. W.F. du Plessis (1982 : 17) beklemtoon ook die dilemma van die twintigste eeu se mens wat *progressief sterker aan die angs van leegheid en betekenisloosheid uitgelewer is.'*

### Geestelike lyding

Geestelike lyding kan volgens Graham (1981 : 34) voorkom wanneer die mens teen sonde stry of wanneer hy deur skuldgevoelens ly as gevolg van onbelyde sonde in sy lewe. Geestelike lyding kan intens wees wanneer die mens hom van God verlate voel (p. 37).

## DIE SIN EN BETEKENIS VAN LYDING

Daar is talle bespiegelinge van die mens oor die sin en betekenis van lyding. Die mens soek en vra daarna, hulle wil dit ontdek. Daar is gewoonlik baie antwoorde op die vrae: *Waarom?* en *Waarvoor?*. Die een sal sê die lyding word makliker as jy in God glo, want Hy het 'n doel daarmee en ander weer sal sê, lyding word moeiliker en meer onverstaanbaar, want hoe is hierdie ellende te rym met 'n barmhartige en almagtige God.

In die primitiewe kulture het lyding 'n demoniese karakter gehad. Siekte is gesien as 'n goddelike straf deur 'n god wat kwaad is. In die Westerse Kultuur het 'n ander siening teenoor lyding ontwikkel. Volgens H. Farber (1971 : 15) is dit 'n *ontmythologisering* van lyding wat in die Weste plaasgevind het, *de ziekte is geont-demoniseerd.* Hippocrates en Christus het hiertoe bygedra.

Hippocrates is grondlegger van die moderne geneeskunde wat van 460-377 voor Christus geleef het, het met sy stelling dat siekte ook 'n natuurlike oorsaak kan hê, die primitief-magiese denke deurbreek.

Die lydende mens was volgens hierdie siening nie meer 'n demone beheerste mens nie en daarom uit die gemeenskap uitgestoot nie, maar 'n mens wat ondersoek, behandel en versorg moet word.

In die Ou Testament word lyding gesien as die straf van God vir die mens se sonde. Die gesprekke van die drie vriende van Job is 'n illustrasie daarvan. In die Nuwe Testament word hierdie siening nie gevind nie, want met die koms van Christus word geleer dat God liefde is. Farber (1971 : 16) skryf ook dat Christus deur Sy optrede, deur lyding op Hom te neem, lyding van sy demoniese krag beroof het. Lyding het 'n positiewe betekenis gekry, *en krijgt een plaats in een goddelijk plan*. Deur Christus se voorbeeld het die lydende mens 'n objek van Christelike hulpbetoon, versorging en verpleging geword.

### Die Bybel se visie op lyding

Die Bybel se visie op lyding gee nie direkte antwoorde op die *hoekoms* en *waaroms* nie, maar verskerp die visie daarvan en help die gelowige mens om die sin en waarde van lyding te ontdek.

— Die ongehoorsaamheid van die mens teenoor sy God (sondeval) het nie net lydelike gevolge vir die mens en sy nakomelinge meegebring nie, maar ook vir die totale geskape werklikheid. Volgens die Bybelse boodskap het lyding dus met die menslike skuld te make. Dit is egter nie in ooreenstemming met God se oorspronklike bedoeling nie. Daarom veg Jesus daarteen want Hy wil skuld versoen en die lewe weer maak soos dit bedoel is om te wees. Daarom staan lyding hier in 'n toekomstige lig, as die Bybel spreek oor 'n nuwe Ryk, waarin alle trane van die oë afgevee sal word (Openbaring 21:4) (Graham, 1981 : 58).

— Die Bybel lê in sommige gevalle 'n band tussen sonde en lyding. Volgens Johannes (5:14) sê Jesus: *gaan en sondig nie meer, sodat iets ergers dalk nie oor jou kom nie*. Wanneer die Wette van God oortree word, straf God (Blignaut, 1980 : 17). Dit geld egter nie in alle gevalle nie. 'n Bepaalde siekte kan die gevolg wees van 'n bepaalde lewenswandel.

— Die Satan speel ook 'n rol in lyding. Vergelyk Job se geskiedenis in dié verband (Ibid: 60).

— Die brief aan die Hebreërs spreek oor lyding as 'n opvoedingsmiddel: *want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem*. (Heb. 12:6). Lyding as 'n opvoedingsmiddel lei dikwels tot 'n nuwe geestelike oriëntering en geestelike groei in die mens se lewe.

McKechne (1927 : 27) konstateer dat *Life's tests are creative tests. They bring character into evidence by bringing it into being*. R.B. Sewell (1959 : 21-23) is ook van mening dat *suffering itself has been made to yield knowledge* — want deur lyding leer die mens nie alleen hul kleinlikheid en sondigheid nie, maar ook die positiewe en skeppende moontlikhede van hulleself en die wêreld waarin hulle lewe. J.M. Blignaut (1980 : 18) konstateer ook dat daar geen groot karakters sonder die suiwerende en opbouende invloed van lyding en beproewing gebou kan word nie.

Dit is egter nodig om te onthou dat ten spyte daarvan dat die gelowige sy lyding transendeer, sin en betekenis vind in die opvoedkundige waarde, die geestelike reiniging en groei van lyding, bly dit nog steeds 'n beproewing vir die lydende mens. Daarom is dit ook nie vreemd dat die mens tot God bid vir die verlossing uit sy lyding nie.

— In die geskiedenis van die blindgeborene gaan dit nie om sy sonde nie, maar om die verheerliking van God, deurdat die werke van God deur sy genesing in hom openbaar moet word. God se werke word ook deur lyding openbaar, soos in die geval van Job. Agter die lyding van Job was 'n stryd tussen God en Satan gaande (Job 1 en 2) (Graham, 1981 : 59-61).

— Lyding kan ook 'n misterie wees. Hoe meer die mens probeer om die sin en waarde daarvan te bepaal hoe groter word die misterie — dit bly 'n raaisel en God se geheim. Jesus het ook in Sy lydingsnood gevra: *My God, My God, waarom . . .?* Sewell (1959 : 23) stel voor dat *suffering must be accepted as part of mystery!*

## DIE REAKSIE VAN DIE MENS TEENOOR LYDING

Talle outeurs, onder wie ook lydende mense, het die ervaringe van die lydende mens analiseer en beskryf. Vanuit die literatuur blyk dit duidelik dat verskillende lydingsprofiele identifiseer kan word, vanweë die feit dat verskeie tipes van lyding verskillende reaksies tot gevolg het en elke mens verskillend daarteenoor reageer. Die graad van lyding en die tipe lyding verskil ook. Elke mens is uniek, met 'n eie lewenstyl en krisis-hanteringstyl, en beleef en verwerk sy lyding op sy eie unieke wyse.

Dit is nie moontlik om in die omvang van die artikel op die totale spektrum van al die ervaringe van die mens teenoor die verskillende soorte van lyding in te gaan nie. Daar sal egter 'n kort uiteensetting van sommige van die ervaringe van die lydende mens gegee word om ons te help om die lydende mens beter te verstaan.

### Negatiewe verwerking

Enersyds is daar baie mense wat totaal in beslag geneem word deur lyding. Hulle lewe sentreer dan in hulle doen en late net om dit wat hulle ly. Hulle word opstandig, pessimisties, moedeloos, morbied en verbitterd. Alles wat hulle doen en wat met hulle gebeur word in die lig van hulle lyding, beproewing, smart of gebrek wat hulle ly, gesien.

Hulle verloor die sinvolheid van hulle bestaan en verval dikwels in 'n vernietigende selfbejammering en martelaarskap. Selfs dit wat mooi en goed is, wat oor hulle lewenspad kom, word nie geniet nie, maar met swaarmoedigheid bejeen. Dit is hierdie mens wat hom teen lyding verset, hy voel hom deur God verontreg. Dikwels bevraagteken hulle die soewereiniteit van God en word hulle verhouding tot God vertroebel.

## Positiewe verwerking

Andersyds is daar talle mense wat ook ly wat hulle lyding positief verwerk. Dit is dié mens wat begryp dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk. Dit is daarom dat dié persoon wat ly nie paniekerig, pessimisties of swaarmoedig of morbied raak nie, óf verval in valse, fatalistiese berusting nie, maar sy lyding in perspektief sien: as die Wil van God met 'n bepaalde doel. Hy besef dat alles ten goede vir hom meewerk omdat God die plan vir sy lewe uitwerk na Sy wil en welbehae (A.C.J. Smit, 1980 : 29-31). Dit is dié mens, soos Job, wat juis getrou aan sy God bly wanneer hy protesteer, in sy volharding, uithouvermoë en stryd teen die lyding (W.H. Velema, 1976 : 130).

Frankl (1973 : 106) is ook die mening toegedaan dat lyding 'n sinvolle en positiewe invloed op die mens se lewe kan hê. Die lydende mens *attains an inner greatness which retroactively hallows all of his previous life . . . and makes it meaningful . . . As long as we suffer we remain psychologically alive. In fact we mature in suffering, grow because of it — it makes us richer and stronger* (p. 109). P. Tournier (1965 : 103) skryf ook dat 'n siek mens ervaringe ondergaan wat meer waardevol is as al die sukses van 'n gesonde mens. *Just because illness has brought a man up short in the ratrace for wordly success, it can become an opportunity for withdrawal, for fruitful self-examination, for meeting God.*

Wanneer lyding dus positief verwerk, en die ervaringe wat die mens deurleef, konstruktief gebruik word, dra lyding by tot die geestelike groei en ontwikkeling en aktualisering van die mens se persoonlikheid. Die mens verkry 'n nuwe dimensie in sy lewe wat sy lewe verryk.

Die teenoorgestelde is egter ook waar, dat nie alle mense lyding positief kan verwerk nie. Lyding lei soms ook tot 'n totale ineenstorting van mense, en tot neurose in ander. Tereg wys Frankl (1982 : 18) daarop dat lyding alleen sin het as die lydende mens daardeur verander word, as die mens in die proses self 'n ander mens word.

Indien die verpleegkundige nie waaksaam is in die daaglikse konfrontering met lyding nie, kan sy maklik onbewustelik onverskillig raak. Die moderne hospitaal milieu is volgens S.M. Jourard (1971 : 207) bevorderlik vir onbetrokkenheid met die lyding van die mens. Deurdat die verpleegkundige altyd *besig* is, het sy dikwels nie die tyd om na die pasiënt se gevoelens te luister nie.

Sy kan ook die rol van genesing (curing) kies en die versorging (caring) verwaarloos. Dit impliseer dat sy net die lydende mens se liggaam versorg en nie die mens in totaliteit nie. Deur dit te doen kompeteer sy dikwels met die masjien en word sy self in die proses *masjienisties*. 'n Masjienistiese mens (machine-like) kan nie menslike warmte, liefde en responsiewe sorg verleen nie (Ibid: 206).

## Innerlike ondersteuning

Dit is noodsaaklik dat die verpleegkundige sal besef dat die mens in sy lydingsituasie *ook op sy individualiteit terug gegooi word om binne homself sinvolheid te probeer vind* (Du Plessis, 1982 : 16).

Daarom sal die verpleegkundige ook innerlike ondersteuning aan die lydende mens moet verleen ten opsigte van sy bewuste innerlike aspekte soos gevoelens, waardes en kognisies met betrekking tot lyding, met die oog op innerlike verruiming en bevryding (Ibid: 17). Daar dit juis lyding is wat die mens rig om na binne te kyk: *for it is the innerlife that suffering teaches, and God hears us our lesson, and obedience is the test that is exacted* (Kierkegaard, 1955 : 56).

Die gelowige verpleegkundige se begeleidingstaak in die innerlike verruiming en bevryding van die lydende mens lê opgesluit in Mattheüs (10:38) *En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie,* . . . Du Plessis *(Ibid: 17)* verwys na Kierkegaard (1955) wat die besondere perspektief van die lyding van die gelowige mens in terme van die eis van selfverloëning en die opneem van die kruis daargestel het. Dit is juis die verwerwing van die eienskap van sagmoedigheid wat die opdrag tot kruisopneming, tot 'n ligte las wat met vreugde gedra kan word, omvorm.

Die verpleegkundige moet die lydende mens aanmoedig om te strewe na 'n bewuste gelowige aanvaarding van sy lyde. Job bly juis getrou aan God wanneer hy protesteer, in sy volharding, uithouvermoë en strydbaarheid teen lyding. Hy doen dit egter in die teenwoordigheid van God (Koekemoer, 1980 : 12). Die mens se gesindheid teenoor lyding in sy lewe moet sekerlik nie 'n houding van moedeloosheid, sinisme, wanhoop en sinloosheid wees nie, maar ook nie van bitterheid en opstandigheid nie.

Die mens moet leer om met blymoedigheid te berus in sy lyding. Nie soos die Boeddhis en die fatalis wat sê, dit is my karma — niemand kan daar iets aan doen nie. Maar soos Paulus wat in blymoedige geloof en vertroue op sy hemelse Vader sê: *Ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is, want ek weet dat niks, nie die dood of lewe of owerhede of magte of wat ook al kan my skei van die liefde wat daar in Christus is nie.* 2 Timotheüs 2:3 skryf, *Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus.* Paulus skryf ook aan die Romeine *ons verheug ons ook in swaarkry, want ons weet swaarkry kweek volharding en volharding kweek egtheid van geloof en egtheid van geloof kweek hoop en die hoop beskaam nie, want God het Sy liefde in ons hart uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het*(Koekemoer, Ibid, 13).

Die verpleegkundige moet die gelowige mens ook aanmoedig om na Christus te kyk om die ware Christelike respons op lyding te leer. Gelowiges moet Christus as 'n model van lyding sien. Hy het geen vertroosting in sy beste vriende gevind nie, maar alleen in gesprek met Sy Vader. So sal ons ook moet leer om in ons lyding tot ons Hemelse Vader te keer teneinde berusting en vertroosting in Hom te vind (P.J.T. Koekemoer, 1980 : 14).

Vervolg op p. 43